Die Redakteur
Sawanant

Fanie en Hilda Erasmus
Sreek Vaalrivier

Dankietog vir mede Sawanante

Die kwaliteit van Sawalede is weereens aan ons bewys die afgelope April vakansie.

Na afloop van die KKNK het ons op Sondag 30 Maart 2008 gereis van Oudtshoorn na die Weskus. Die plan was om by Goudini Spa te oornag. In die Huisrivierpas het ons motor egter onklaar geraak. Wat'n nagmerrie met'n motor wat lol en geen selfoon ontvangs in die pas nie. Ons kon aansukkel tot by Ladismith maar die naaste woonwapark was nog negentig kilometers ver.

Groot was ons verligting toe die KKNK toergroep van Albatros en Helderberg streke hulle oor ons ontferm het.

Jurie (Chops) Hayes het ons woonwa agter sy woonwa gehaak en teen minder as 60 Km/u het ons aangekruie vir ongeveer 65Km. Wat merkwaardig was is dat die hele toergroep by ons gebly het vir morele ondersteuning. Fred Schmiedeskamp het egter vooruit gery, vir ons plek gekry by Montaqu woonwapark, sy woonwa daar gelos en terug gery om ons woonwa die oorblywende 25 Km na Montaqu te sleep teen'n normale sleepspoed.

Hiermee wil ons net weereens vir al die lede van Albatros en Helderberg streke hartlik bedank vir dit wat hulle vir ons gedoen en beteken het. Julle is voorwaar die sout van die aarde.

Vriendelike Sawa groete
Fanie en Hilda Erasmus
Vaalrivier
2008/05/19

Ns: Meriete toekennings vir Fred en Jurie sal volgens ons nie onvanpas wees nie.